Hoofstuk 20

Jacobus Hendricus Janse van Rensburg (e1) (1788 -1849)

Oriëntasie

Jacobus[1] was die eerste van vyf agtereenvolgende geslagte Jacobus Hendrikus waaroor in hierdie familiegeskiedenis geskryf word. Ten einde duideliker aan te dui oor wattter een vertel word, word na hulle as van die eerste tot die vyfde Jacobus Hendrikus verwys.

Die eerste Jacobus is gebore in 1788 en in 1849 oorlede toe hy 60 jaar oud was. Hy is, toe hy 23 jaar oud was, getroud met Hester[2] Janse van Rensburg, wat toe ook 23 jaar oud was. Jacobus was 'n boer.

Hester is omstreeks 1789 gebore en was verlangs familie van Jacobus. Hulle het tien kinders gehad, waarvan drie vroeg oorlede is.

Genealogiese gegewens

e1 JANSE VAN RENSBURG, Jacobus Hendricus[3]: *Riversdal Dist. Weltevreden 26.12.1788[4]; ≈Paarl 25.9.1789[5]; †Riversdal Dist. Hectorskraal 20.3.1849[6].

x Swellendam Junie 1812[7]: **JANSE VAN RENSBURG, Hester[8] Magdalena**: *c. 1789[9]; ≈7.1.1790[10]; †voor 1816[11]. Dogter van Jacobus Janse van Rensburg en Susanna Catharina Oosthuizen[12].

Jeug

Jacobus is op Weltevreden in die huidige Distrik Riversdal gebore op 26 Desember 1788 as die oudste seun van sy ouers Nicolaas en Maria Janse van Rensburg. Hy word in die Paarl gedoop op 25 September 1789.



Doop van Jacobus
"den 25 dato Gebooren den 26 December 1788.
Jacobus Hendricus
V Nicolaas Janse
M Maria Grobbelaar
G Jacobus Jansen
Maria Botha
Hendrik Gildenhuijzen
Thruij Grobbelaar"

Die naam is as Hendricus gespel in die doopregister.

Hy het op Weltevreden grootgeword en teen die tyd dat hy trou, woon hy reeds op die buurplaas Drie Kuylen of Driekuil.

Hy is, toe hy 23 jaar oud was, getroud met Hester[13] Janse van Rensburg, wat toe ook 23 jaar oud was[14]. (Rietvleiers dui 20 jaar oud aan.) Hulle eerste kind word op 14 Januarie 1814 gebore.

Hester was die tweede kind van Jacobus Janse van Rensburg en Susanna Catharina Oosthuizen. Sy is omstreeks 1789 gebore en gedoop op 7 Januarie 1790.

Woonplekke

Jacobus en Hester het aanvanklik op Drie Kuylen gewoon en later ook op Hectorskraal. Vandat hulle Drie Kuylen in 1845 verkoop het, het hulle op Hectorskraal gewoon.

Aanvanklik was hulle dorp Swellendam en was dit ook die plek waar hulle kerk gegaan het. In 1837 is die dorp Riversdal op die plaas Doornkraal gestig en in 1839 is daar ’n kerk gestig[15]. Aan die einde van hulle lewens het hulle posisie ten opsigte van kerk en besigheid, wat afstand betref, dus aansienlik verbeter.

Eiendom

Opgaafrol en boedel van Jacobus Janse van Rensburg		
Distrik	**Swd**	**Boed**
Jaar	**1825**	**1849**
Mans	1	
Vroue	1	
Seuns	3	
Dogters	2	
Werkers en slawe	8	
Perde	6	8
Beeste	65	27
Skape		200
Bokke	1114	100
Tarwe gewen (mud)	16	
Gort gewen (mud)	50	
Plaas	Ja*	
Notas: Swd = Swellendam, Wyk Kafferskuil (destyds) * = Hectorskraal, 28 uur te perd vanaf die Drosdy te Swellendam. Boed = Boedel. Gegewens in Inventaris.		

Jacobus besit aanvanklik die helfte van die plaas **Drie Kuylen 298**[16] en het daar geboer toe hy getroud is. In 1845 het hulle Drie Kuylen verkoop.

Benaderde ligging van Driekuilen en Hectorskraal



Hy het ook reeds teen 1822[17] ’n gedeelte van **Hectorskraal 425**[18] besit**.** Dit kom voor asof hulle op albei plase geboer en van tyd tot tyd gewoon het. In 1825 toon die opgaafrol Jacobus aan op Hectorskraal en in 1838 teken hulle ’n testament te Drie Kuylen.

Blykbaar was die ander gedeelte van Hectorskraal besit deur ene Jan Kleynhans. Lateraan sou daar heelwat verwikkelinge ten opsigte van Hectorskraal en die Van Rensburgs en Kleynhanse wees. Volgens oorlewering het Jacobus-hulle ten noorde van die pad wat tans deur Hectorskraal sny, gewoon in ’n kliphuis waarvan die afmetings 17.2 x 5.7m was en waarin daar ’n voorhuis, slaapvertrek en kombuis was[19].

Volgens die opgaafrolle en boedel kom dit voor asof Jacobus 'n gemiddelde boerdery aan die gang gehad het. In die inventaris wat na sy dood in 1849 op Hectorskraal opgestel is, word 200 skape, 100 bokke, 27 beeste en 8 perde ingesluit. Daar was ook 'n Kaapse wa, 'n ossewa, 'n (perde?) kar en 300 planke.

Kerk en gemeenskap

Die eerste twee kinders (1814 en 1816) is in die Paarl gedoop en daarna is die ander agt kinders (1816 – 1836) in Swellendam gedoop.

Huwelik en gesin

Jacobus en Hester het 10 kinders oor 'n tydperk van nagenoeg 22 jaar gehad, waarvan vier vroeg oorlede is:

- Nicolaas Jacobus, getroud met Sara Magdalena Wilhelmina Oosthuizen.
- Susanna Catharina, getroud met Izak Bartholomeus Zaayman.
- Jacobus Benjamin wat jonk oorlede is.
- Maria Amerentia, getroud met Bernardus Johannes van Zyl.
- Jacobus Hendrikus, agtereenvolgens getroud met Elizabeth Johanna Maria Nel en Johanna Maria Mouton.
- Petrus Johannes (Pieter) getroud met Magdalena Christina Nel.
- Marthinus Philippus wat jonk oorlede is.
- Hester Magdalena wat jonk oorlede is.
- Hester Magdalena Margaretha, getroud met Petrus Johannes Saayman.
- Marthinus Gerhardus wat jonk oorlede is.

Latere lewensjare



Beide teken slegs as "Rensburg"

Op 20 Oktober 1838 maak Jacobus en Hester 'n testament te Drie Kuilen[20]. Hulle bepaal dat die langslewende die volle erfgenaam sal wees. Na die dood van beide word Drie Kuilen (die helfte) die wettige eiendom van die kinders en word die voordeel teen Rds. 4000 gestel. Hierdie bepaling word op 17 Mei 1845 herroep, toe die plaas verkoop word[21]. Die helfte van Hectorskraal word bemaak aan die kinders Jacobus Hendrikus, Petrus Johannes en Hester Margaretha en die waarde daarvan word op Rds. 1400 gestel. In die geval van beide die plase moes diegene wat eiendomsreg op die plaas behou, diegene uitbetaal wat nie verder wou deel in die eiendomsreg nie. Die los goedere moes per vendusie verkoop word na die afsterwe van die langslewende eggenoot.

Jacobus sterf op 20 Maart 1849 in die ouderdom van 60 jaar op Hectorskraal[22]. Hy was steeds getroud en daar is vaste en roerende goedere in die boedel. Volgens die inventaris wat op 5 April 1849 opgestel is van die roerende goed, word die waarde daarvan op Rds. 4000 beraam[23]. Waar Jacobus se boerdery hierbo bespreek is, is van die items in die inventaris genoem. Hester onderteken die inventaris, maar die laaste letters van die handtekening is onduidelik as gevolg van die inbinding van die dokument. Jacobus se Likwidasie- en Distribusierekening word afgehandel op 24 April 1850[24].

[1] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[2] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[3] TAB FK 2189.
[4] TAB FK 2189.
[5] TAB FK 2189.

[6] KAB MOOC 6/9/47. Verw. 150.
[7] SAG 9. Bl. 274. Die betrokke predikant het net die maande aangedui en nie die datums nie.
[8] SAG 9. Bl. 319. Die naam word aangedui as Hester. By SAG 9. bl. 274 word die naam aangedui as Ester, maar in al die oorspronklike dokumente en op haar handtekeninge word die naam aangedui as Hester.
[9] Beraam volgens doopdatum.
[10] SAG 9. Bl. 319.
[11] SAG 9. Bl. 319.
[12] SAG 9. Bl. 319.
[13] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[14] Van Rensburg, J H. 1994. *Die Rietvleiers. Die Familiegeskiedenis van 'n Tak van die Familie van Rensburg*. Somerset-Wes. Deur skrywer uitgegee. ISBN 0-620-18691-7. Daar word aangedui dat Hester 20 jaar oud was ten tye van die huwelik.
[15] Van Rensburg, J H. 1994. *Die Rietvleiers. Die Familiegeskiedenis van 'n Tak van die Familie van Rensburg*. Bl. 79.
[16] Madmappers: Kaart 3421BA. 34°08'27.16" S 21°30'27.27" O. *Mapset: South Africa – AfricaTopo GPS topographic map series.*
[17] Van Rensburg, J H. 1994. *Die Rietvleiers. Die Familiegeskiedenis van 'n Tak van die Familie van Rensburg*. Bl. 78.
[18] Madmappers: Kaart 3421BA. 34°14'35.97" S 21°29'02.83" O.
[19] Van Rensburg, J H. 1994. *Die Rietvleiers. Die Familiegeskiedenis van 'n Tak van die Familie van Rensburg*. Bl. 77.
[20] KAB MOOC 7/1/197. Verw. 25.
[21] Van Rensburg, J H. 1994. *Die Rietvleiers. Die Familiegeskiedenis van 'n Tak van die Familie van Rensburg*. Bl. 81.
[22] KAB MOOC 6/9/47. Verw. 150.
[23] KAB MOOC 7/1/197. verw. 26.
[24] KAB MOOC 13/1/440. Verw. 10.

Skets in Lantern gepubliseer